Die Reddingsdaad: Ons ~~Reddingsdaad~~ Heldedaad.

LCP?

Inl.: i) In hd. tyd van groot onrus? groot gebeure... So baie dinge waaroor ek graag met u wil praat: lank gewik en geweeg voor finaal besluit het: Ons ~~Reddingsdaad~~ Heldedaad. Gedagtes wat gebore is in afgelope 5 maande dat ek onder u is. Nr. min geleentheid

ii) Elkeen besig eie dinge: swaeg + sweet om kop bo water te hou - nood v.d. tyd, draagte

iii) Geen geleentheid vir Bedevaart(?) verloop ons met mekaar kan gesels, vertel wat die RDB. nog gaan doen - wat reeds gedoen het - wat nag gaan doen - wat die moeilikhede in weg is. - Geen aand beskikbaar

Gevolg: mismoedigheid van baie: dra elke jr. by, ingeskrywe as lede - wil weet: Wat kry ek uit die R.D.? lei soms tot kritiek: onverskilligheid. sien nie die resultate nie > onverskilligheid. Kan miskien hier ook so onder ons?

Toekoms: Dankbaar om te kan sê: Bedevaart 4 maal p. jaar Sat. aande na afloop v. Voorb. diens met Nagmaalsgeleenthede.

Nr. waar ons v/a hier saam is sien ek dit as kostelike geleentheid om oor die saak te gesels. Waar ons dink in hd. dag aan die helde v. ons volk wat geleef, gely v gesterwe het in diens van hulle land daar v/a in die besonder dink aan Die Reddingsdaad - ons Heldedaad. Gevaar v heldeverering sou die self iets te doen!

I Wat is die Reddingsdaad. Oomblik teruggaan in gesk. v. ons volk. Almal v. ons wat iets daarvan weet sal onthou dat vir meer as

20 jr. die kw. loop v. ons volk verdonker deur die ernstigste vr. ander ons: Armblankedom.
– duisendes v land, dorpe, stede, verarm, verswak, versleg. So ernstig die toestand dat ander land moes ingryp in ondersoek:

Carnegie-Komm. 1927. Verslag op Kongres in Kimb. 1934 gelei tot groot Ekon. Volkskongres in 1939 waar hd. groot Beweging sy beslag gekry het. // Mr. die beweging self nie deur mense gestig – gebore uit die hart v.d. volk. Onvergeetlike Ossewatrek wat die siel v.d. afr. volk beetgepak het – alwal een – sy hoogtepunt bereik in Bloemf. waar d. dag deur godd. ingewing, die vader v. hd Beweging aan wie ons liefde bring Vader Kestell, sy onvergeetlike oproep gedoen het:

„Dit is 'n Reddingsdaad. Daar moet ingesamel word, nie honderde nie, maar duisende ponde. Is daar nie 300,000 versonkenes nie? Ons moet help: dis ons eie vlees en bloed. 'n Nuwe gees van saamhorigheid moet in

NB ons gebore word. Dit moet wees saamstaan, saamwerk. Nie na die oë van ander moet ons sien nie. Die volk moet h/s red. Na die wat hulp nodig het moet ons omsien, nie om weldadigheid aan hom te bewys nie, maar om hom te help om h/s te red. Ons moet dink aan die Skrif: As daar by jou 'n arme is, een v. jou broers, in een v jou poorte in jou land wat die Here jou God jou sal gee, dan moet jy jou hart nie verhard nie, en jou hand nie toehou vir jou arm broer nie.



Stadig

Deur wy ons ons soos broers en susters aan mekaar en saam met mekaar aan die God v. ons Vadere. So word ons daad 'n Godsdaad"

So het die RD. begin: m.d. een doel en strewe: die Afr. o.d. hand te vat, hom op te rig, en weer die krag te gee wat die moeite werd is om te lewe, wat God hom voor bestem het.

II Wat doen die Red. Daad? So baiekeer met ongeduld d. vr. verneem, veral v. mense wat baie min lees en dus baie min hoor v. wat die RD doen. Soms dit 'n bedekte beskuldiging: „Gee en gee en sien geen resultaat!" Neem nie kwalik: Ons moet nie vergeet niks wat ons lief am te het om af te

Antw: ① Wat 30 jr. geneem het om af te breek kan nie in 3 jr. opgebou word nie! Baie mense vergeet die so haastig wees nie! . Baie mense vermag nie ... is weer net RD. moet d. geld wat ingesamel is weer net so uitgee.

Ou Metode: Alimentasie. goedkoop liefdadigheid, bedelgeldjies, afvalkos + pennies gegee o.d. swakkes + sukkelendes. Gevolg: selfrespek ondermyn, selfst. gevoel ontneem, kragte getap, sy siel vertrap. Volk verder vernietig. Hoe kan die RD. v/d on si

Nuwe Beginsel: Gee die Afr. werk, laat hom weer self verdien, en hy sal nie bedel! Sy selfrespek herwin: Voel: Ek het ook 'n plek in die samelewing.

Wat gedoen?

A Redding van liggaam: Vereiste – sterk + gesonde volk anders geen vooruitgang.
Hom:
- Gesondheidsafdeling
- Lemoenklubs
- Goedkoper produkte.

~~B. Redding Handelsafdeling~~ -

B. Redding van Gees: Eken. selfstandigwording regmatige aandeel in handel + nywerheid - d.m. teekens v. land. (Ondersoek Schumann) Wat reeds gedoen? nie ander oorheers, verdruk. Verkeerde idee

① Geld. ondersteuning aan Afr. sake-ondern.

② Jong manne + vrouens in Afr. betrekkings

③ Handelsbeurse

④ Steun Aansoeg Tel: Rolprent.

- nie 'n enkele pennie te stil!

⑤ Gesonde ontspanning: kultuur kunteskak, Volksang. + Spele.

C. Redding v Siel: Ten grondslag v. alles: die redding van sy siel. Besef: nadelige gevolge v. armoede: ... ligg. + siel uit. Dan ek ook my deel: Kan nie Ev. gaan verkondig aan man op sy leë maag! Dis geen ware Ev. nie! Ek vra nie na 'n polit. oortuiging: vra alleen: Is u afr. wat hulp nodig het?

III Watter aandeel het ek in R.D.? Wat kan ons in Lxt. doen?

① 'n allernoods. verpligting: deel doen aan algehele volksopbou. Dan ons deel gee tot Redd. Fonds. Mag nie volk verwaarloos nie: dis ons heilige plig. Dr. Dönges.

② Mr ek wil verder gaan: gee v geld nie genoeg - baie kan nie gee. Ook hier nood - gebrek - skoene aan ons deure is [illegible] - armoede en ellende - baie meer as ons besef. Stap deur dorp + kyk: ook hier 'n RD!



Kyk na die ~~teekens~~ v. ons volk.

A. Redding v. liggaam: Hoe staan dit m.d. gesondheid v. ons kinders? Kyk mr. om u heen - u sal die antw. vind: ondervoeding gebrek, siekte, tandbed. ens. Wat doen ons daar? Watter groot werk nie voor ons: sterk, gesonde jong manne + vrouens: liggaam 'n tempel v.d. H.Gees!

B. Redding v Gees: ① Ons jongmense se opvoeding - hulle is d. volk van môre. Hoe baie kry nie die kanse wat hulle toekom nie? Hoe baie nie ver gegaan as hulle gehelp is met beurse + lenings? - Groot plig hier!

② Kulturele Redding: Vermaak, gesonde ontspanning: Wat het ons jongmense? Wat doen hulle saans in vrye tyd? Weet ons altyd? - Poging pl. RD.: bioskoop (deel) Nog verder: Volksang + volkspele. Ou Afr. liedjies: treurige poging van orkes. + nieteenstaande geslaagde

C. Redding v Siel: Elke volk sy eie Godsbestemming: sy eie godgegewe roeping wat hy moet vervul: die Afr. volk ook. [het so moet ons ons godgegewe roeping hê in Lxt:] Wat is dd. roeping? Geroepe om ons volk te dien - om te help + te red - om op te hef + te bou, die sinkende deel v. ons volk weer te verlos! Doen ons dit?

het so ons in Lxt. ons godgegewe roeping
om te volbring: ook hier is nood &
behoefte. Lxt. groter pers. % armes ~~as~~ in v.
m. bevolking as enige v. oml. gemeentes.
NB Ēē en geslag kan ons ~~niks~~ weinig meer aan
doen = mr. wat v.d. volk v. môre?
~~Een dingetjie~~
Besluit kerkraad: oprigting v. koshuis in
hostel vir alle kinders: dis ~~ons~~ ook'n Red.daad
Betekenis d/van:
① Vloek van skeiding uitwis
② Arm kind oy kans gee saam met ryke
③ Ons gemeenskap dien & help.
Vr: Niks beter gewoond. Is dit die moeite
werd?
Antw: Ek glo in d adel wat vloei in die
bloed v. die verarmde deel v ons volk: selfde
bloed wat vloei in u voorgange // Ek glo dat
hulle net so ver sal kom & nog verder
as ons hulle net die kans gee. Vra u =
wil u hê dat u kind onder gehou moet
word?
Weet nie wat dit gaan kos £ 300 - 400.
Mr. al kos dit £ 500 - 600 dan nog d.
moeite werd // Sal dit betaal? Of dit
dadelik & gou in terme v. £ s d sal betaal
weet ek nie - mr. in terme v. redding v.
kind se siel: Duisendmaal ja!
→ Beroep om eenheid = - plaaslike patriotisme. Ons
nuwe liefde vir ~~...~~ stad & volk, so nuwe liefde vir
dorp & distrik: Lxt. alles!
In help mekaar & bou mekaar
" red " " glo "
Tesaam in 'n eenheidsband
vir God & taal & volk & land!

## Dr. T. E. DÖNGES.

Vandag is daar 'n stille verwyt in die oë van die Reddingsdaadfonds! Sy geboorte is met soveel vreugde en geesdrif begroet, dat hy seker 'n lewe van groei en bloei kon verwag het. Maar die hoop is nie ten volle verwesenlik nie. Hy het geword 'n afskeepkindjie van die Afrikanervolk — hy wat moes wees die hoop van 'n nasie! Hy ly aan bloedarmoede en hy dreig om te lei aan gestuite ontwikkeling. Is dit wonder dat daar 'n sagte verwyt in sy oë is?

Hy kyk na sy onstuimige maats wat hulle ontstaan het in vernietigingswerk, en hy sien hoe lustig hulle groot word. En hy wat staan vir wat positief, opbouend en reddend is, hy voer maar 'n sukkelende bestaan. Is dit reg?

Dit mag nie so wees nie. Ons kannie daardie verwyt op onsself bring nie. Beloftes moet vervul word; nuwe beloftes moet gemaak word. Die offergees moet oor ons vaardig word. Ons moenie gee in die gees om maar kwyt te raak van 'n lastige bedelaar nie. Ook nie in die gees om maar 'n salfie op 'n verroeste volksgewete te lê nie. Ons moet gee in die gees dat dit 'n offer is wat ons blymoediglik op die altaar van ons nasie lê. En daar moet, soos vader Kestell gesê het, **wyding** in om offer wees. 'n Gewyde offer — en dan sal ons Reddingsdaad, weer in die woorde van vader Kestell, 'n Godsdaad word. Kom laat ons dit doen!